Die kunsresensent MELVYN MINNAAR bespreek hoogtepunte van die plaaslike kunsuitstallings vanjaar.

OORSIG

Opwindende kuns in 2009

Berei jou voor op kitsch uit boonste rakke rondom sokker

Enige Kaapse kunsliefhebber wat die energie het om deur die jongste Iziko-jaarverslag (tot Maart) te werk, en nie in die burokrasie verdwaal nie, sal op bladsy 35 agterkom dat ons plaaslike museumorganisasie iewers in die toekoms mik om 'n "Sentrum vir Eietydse Kuns" in Kaapstad te vestig. Sela!

Praat van wensdenkery, gegewe dié topsware organisasie se huidige pogings.

Maar as selfs Iziko die boodskap gekry het, is dit so helder soos daglig dat die Moederstad om so 'n professionele uitstalruimte smeek.

Al weier beide die stadsraad en provinsie om dit te erken (in ekonomie- en toerisme-waarde), gons dit van talent in die Kaap. Die afgelope jaar is klinkklare bewys daarvan.

Juis in hierdie resessionêre tye is dit opwindend hoe kuns in die Kaap gedy. Veral interessant die afgelope jaar is hoe dié dinamiek na die kleiner, minder flambojante kommersiële en ander kunslokale en selfs weg daarvan verskuif het.

Daar is natuurlik ook hordes raamwinkels en lokale wat "Sondagkuns" aanbied en met kitsch smous.

En daar is geen keer aan amateurs en die minder-talentvolles se geesdrif vir kwas, papier en klei nie.

Maar ook dié siele dra by tot die Kaap se kleurryke kunstoneel.

Robin Jones se UCA-lokaal in Observatory het waarskynlik van die mees uitdagende tentoonstellings vanjaar aangebied. *Elysian Fields, History* en die huidige *No/Thing* is van die beste groeptentoonstellings vanjaar.

Met die klem op behoorlike kuratorskap en met insig, het ook Kirsty Cockerill by AVA knap werk byeengebring. Haar *Social Pattern* en die huidige *Resolution – the Power of Innuendo* is hoogtepunte van die galeryjaar.

Ander kleiner plekke soos Guto Bussab se Muti, Monique du Preez se *Salon 91*, Blank Projects (wat uiteindelik na Woodstock verskuif het), Gabriel Clark-Brown se drukkunslokaal, I-Art se "werksruimte" in Wembley Square, en die splinternuwe YoungBlackman-galery in Roelandstraat het gewoel. Self 'n plekkie soos die Kalk Bay Modern wys lekker kuns.

Teenoor die groter gevestigdes, het kuns-avontuur en

Fritha Langerman se installasie in die SA Museum onder die titel *Subtle Thresholds* (bo), met detail onder. Foto's: VERSKAF

energie hier gebruis.

Die McMuseums (soos iemand hulle spitsvondig gedoop het) het soms net te koel, kapitalisties gemotiveerd, saai voorgekom.

Helaas het een – dié van Bell-Roberts – die gees gegee; immer treurig, maar tekenend van die tye. Die bure Goodman Cape en Michael Stevenson bly groot en belangrike, professionele rolspelers in die Kaap, maar min van dié se tentoonstellings het die polsslag verhoog.

> **... dit (is) so helder soos daglig dat die Moederstad smeek om ... 'n professionele uitstalruimte.**

Ook Whatiftheworld, 'n bietjie verder met die pad, lyk al hoe meer gevestig. (Laasgenoemde se Andrzej Nowicki-tentoonstelling was wel 'n hoogtepunt.)

Soos met Nowicki, het die jaar ook 'n sweem jonger kunstenaars op die voorgrond gedryf.

Mense soos Marlise Keith (by WorldArt en nou met 'n heerlike 'S Editions'-afdruk geskep by Zhané Warren se ateljee), Michael Taylor, Gabriel Raaff (in Muti), Lize Grobler (in die Irma Stern), Francois van Reenen (in Salon 91) en Asha Zero (in 34Long) het van 2009 se lekkerste kuns gemaak.

En hoog op die jaar se "trefferlys" is sekerlik Richard Mason se aangrypende installasie *Carbonage* verlede maand in 'n verwese gebou in Barrackstraat.

Sy werk, geheel buite die tradisionele kunsgalerykonteks, was hipnoties.

Natuurlik het die grootste deel van die Cape 09-kunsmakietie in Junie en die Spier-organisasie se straattoneel-fees Infecting the City in Februarie ook die gewone ruimtes en kunsgaleryreëls vermy – én vir wonderlike kunspret gesorg.

Veral eersgenoemde het met merkwaardige oorspronklike kuratoriale projekte vorendag gekom.

Hierin kon mens die spanning van kreatiwiteit aanvoel en sien.

Daar is geen beter motivering vir daardie Kaapstadse museum vir eietydse kuns nie.

Fotografie het die afgelope jaar nie soveel blootstelling gekry soos die vorige jaar nie, maar Lien Botha se tentoonstelling by Heidi Erdmann was 'n hoogtepunt, soos wat David Goldblatt se *In Boksburg*, as 't ware herbesoek, by Michael Stevenson sy meesterskap weer eens bevestig het.

Op 'n heel ander noot, by dieselfde lokaal tans, is Andrew Putter se wonderlike historiese oëverneukery, genaamd *African Hospitality*.

Maar 2009 het ook 'n paar opmerklike tentoonstellings van, laat ons maar sê, die ouer talentgarde: Alice Goldin (Irma Stern), Claude Boucharain en Judith Mason (albei op Stellenbosch) en nou Erik Laubscher (wat ook die "eer" te beurt geval het dat 'n ou skildery van hom vir meer as R1 miljoen verkoop is).

Die jaar het ongelukkig ook die afsterwe van Cecil Skotnes gesien en, 'n paar weke gelede, sy eggenote, Thelma.

Een van die jaar se besondere kunsprojekte is juis begin ter herinnering van Skotnes: 'n skitterende portefeulje afdrukke getiteld *Homage* in die Michaelis-kunsskool.

Eerbetoon van 'n ander aard was die uitstekende tentoonstelling van bronskuns wat die Iziko-kurator Hayden Proud in Oktober in die SA Nasionale Kunsmuseum gewys het.

Onder die Iziko-vaandel is die jaar se vernaamste tentoonstellings Anette Hoffmann se baanbreker-uitstalling *What we See. Voice, image and Versioning* vroeg jaar in die Slawelosie en, die hoogtepunt, die verstommende projek wat Fritha Langerman in die SA Museum onder die titel *Subtle Thresholds*, geïnstalleer het.

Dis nog etlike maande aan en een van die beste plaaslike tentoonstellings in jare.

Met kuns soos dié kan 'n mens maar net vertrou dat Iziko se droom van 'n eietydse kunsmuseum die een of ander tyd wel in Kaapstad die lig sien. Maar berei jou ook voor op kitsch uit die boonste rakke rondom die Fifa-sokkermakietie.